NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP SATERDAG 07 OKTOBER 2017 TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Stoffel Lambrechts open die vergadering met gebed en verwelkom die lede teenwoordig.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts - President
Mark Beviss-Challinor – Vise-president
Ena Linde – Sekretaris
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Rosa Cloete – President Overberg
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Leon Meyer – President Weskus
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes

2.1 VERSKONINGS

Joggie Snyman - Tesourier
Lesley Beviss-Challinor – President Winelands
Aretha Whiteman – Promosiebeampte

3. BYKOMENDE ITEMS

3.1 Council Meetings in Streke

Die Grondwet van elke sub-distrik maak voorsiening vir slegs bestuursvergaderings. Daar bestaan egter ‘n behoefte vir Raadsvergaderings (Council) met klubs in die verskeie streke.
Streke moet so ‘n voorstel goedkeur by en ‘n streeksvergadering en dan kan dit by ‘n AJV voorgelê word vir bekragtiging. **Presidente: Subdistrikte**

3.2 Boland Bestuursvergaderings

Behalwe vir die Boland bestuursvergadering geskeduleer vir 16 Junie 2018 sal die ander bestuurs-vergaderings in 2018 op ‘n Vrydagmiddag gehou word.

3.3 Kuipers/Loeries Toernooi

Swellendam sal ‘n komitee saamstel wat die Toernooi sal reël en bestuur. **Swellendam**

3.4 Oefening teen WP op 09 Desember te Worcester

Die koste vir spelers sal R60 per persoon wees en vir spanbestuurders, beamptes en keurders sal dit R40 wees. Worcester

3.5 Registrasie as NPO

Staan oor. **Bestuur**

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 Notule van 17 Junie 2017

Die Notule van 17 Junie 2017 word goedgekeur. Voorgestel deur Mark Beviss-Challinor, gesekondeer deur Leon Meyer.

4.2 Notule Van Bestuursvergadering Na Afloop Van AJV Op 27 Julie 2017

Die Notule van 27 Julie na afloop van die AJV word goedgekeur. Voorgestel Rosa Cloete, gesekondeer Leon Meyer.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE VAN 17 JUNIE 2017.

5.1 All Cape

Terugvoering deurgegee na streke dat aansoek deur Boland om All Cape aan te bied onsuksesvol was. Die volgende All Cape word in Oos-Londen gehou. Mark Gibbs van Personal Trust sal genader word om ‘n Toernooi soortgelyk aan die All Cape in die Wes-Kaap te borg. Indien hy sou instem het ons datums in Augustus beskikbaar. Indien Mark Gibbs nie kan nie, kan dit uitgestel word. **Stoffel/Pieter**

Daar is ‘n besluit deur die All Cape Raad geneem dat “non-hosting” distrikte ‘n deel van die winste kry bereken op die grondslag van inskrywings deur die distrik tot die totale aantal inskrywing. Hiervolgens behoort Boland 10% te ontvang. Tot dusver is geen inligting hieromtrent deurgegee nie. Die sekretaris sal navraag doen. **Ena**

5.2 Grondwet vir Boland en Streke

Die Grondwet vir die sub-distrikte is by Stoffel beskikbaar.

5.3 Herwinde Balle

Die sub-distrikte moet aandui wie gaan hulle balle by Epping afhaal. Klubs moet R200 vir elke stel betaal. Joggie sal fakture deurstuur. **Sub-distrikte; Joggie**

5.4 Disability Bowls Staandekomitee

Lorna Viljoen het ingestem om op te tree as Boland se verteenwoordiger op hierdie Staande-komitee. Die Sekretaris sal die Nasionale Staandekomitee so inlig. **Ena**

5.5 Registrasie van Sakeligas

Klubs sal poog om inligting van Sakeliga-spelers te verky om op die BSA databasis te plaas.
Presidente Subdistrikte; klubbesture

5.6 Sake voortspruitend uit die AJV van Rolbal SA

‘n Kontrak vir die 0/19; 0/20 en 0/25 spelers moet opgestel word en kennis moet geneem word van ‘n voorskif in die “Tournament Terms and Conditions” van BSA vir die 0/20 Nationals dat die gebruik van alkohol deur enige 0/20 speler streng verbode is vir die duur van die toernooi, ongeag of dit op die rolbalklub se perseel of op enige ander plek is. Enige speler wat hierdie reël verbreek sal oombliklik gediskwalifiseer word. **Theuns**

6. FINANSIES

6.1 Verslae is vooraf deur die Tesourier aan die lede van die vergadering gestuur.

6.2 Stoffel noem dat die begroting vir die Kuipers nie in die jaarlikse finansiële state ingesluit is nie. Die reëlingskomitee sal huisvesting vir die spelers bekom en Boland sal R7 800 bydra to die onkoste van die toernooi en die balans is vir die spelers se rekening. Dit word so deur die vergadering goedgekeur. **Joggie**

6.3 Goedkeuring van Eise

Goedkeuring word verleen vir betaling van die verversings vir die Bestuursvergadering. **Joggie**

7. LEDEWERWING EN BEMARKING

7.1 Promosie Facebook

Stoffel deel die vergadering mee dat Aretha Whiteman ‘n Boland Facebookblad geskep het. Facebook is ‘n uiters koste-effektiewe en populêre vorm van bemarking en die gebruikers van

Facebook neem hand oor hand toe. Enige positiewe inligting aangaande Boland Rolbal moet aan Aretha deurgegee word, en dit sluit ook die uitslae van Boland kompetisies in**.** **Bestuurslede**

7.2 & 7.3 Attracting Business League Players/Aandliga WCB

Theuns Coetzee en Mark Beviss-Challinor sal 'n voorstel en uiteensetting opstel wat ten doel het dat 'n bestaande speler met 'n Sakeliga-speler sal deelneem aan 'n 2-Balpare kompetisie wat sal plaasvind na die Sakeliga kompetisies. Top spelers in klubs sal teen top spelers van ander klubs deelneem tot dit uiteindelik uitloop op die beste span. **Theuns/Mark**

7.4 Envar Buys

Theuns noem dat 124 spelers deelgeneem het en dat die toernooi 'n reuse sukses was. Overberg het Silwer en Bronsmedaljes gewen en Wynland silwer. Weskus het vir eerste keer deelgeneem.
0/15 en 0/20 Oefengroepe sal op 22 Oktober in Worcester deelneem. Dit word be-oog dat jeugkompetisies, vanaf enkels tot viere, sal inskryf en speel op dae wanneer Boland Ope kompetisies gespeel word.

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 2018 Datumlys

Hierdie datumlys is deurgegaan en veranderinge aangebring waar nodig. Bestuurslede is gevra om terugvoering te gee waar daar moontlike botsings/probleme kan wees. **Bestuur**

8.2 Bolandliga

Ses (6) mans en ses (6) dames klub/composite spanne sal saamgestel word en die uitnodigings en trekkings sal deur die subdistrikte gedoen word. **Sub-distrikte**

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

Die Vlak 1 kursus te LCE het goed afgeloop en die post-project werk word tans deur die kandidate gedoen. Op 25 September is 'n afrigterskliniek aangebied waaraan 35 afrigters en voornemende afrigters in die Paarl deelgeneem het.

9.1.1 Staandekomiteelede in Sub-distrikte

Renette Swart (Weskus) en Pierre Paul (Overberg) sal op die Staandekomitee vir Afrigters dien.

9.1.2 Z Squads

Hierdie is 'n nuwe inisiatief van Rolbal SA en is 'n goeie slypoefening vir die distrik se beste spelers. Dit word beklemtoon wat die standaard is vir mans en dames om in die Z Squad te wees en dat dit vrywillig is vir spelers om daaraan deel te neem. Klem moet ook verskuif na opkomende spelers in 'n EZ Squad in elke streek

9.1.3 Vlak 1 kursus in 2018

'n Vlak 1 kursus is geskeduleer vir 23 en 24 Maart 2018 met 27 en 28 April 2018. **Stoffel**

9.2 Tegniese beamptes

'n Merkerskursus vir vyf (5) kandidate is in die Paarl aangebied gedurende Augustus. 'n Vlak 1 kursus word in die vooruitsig gestel te Hermanus.
Klubs moet gekontak word om met die oog op die aanbied van 'n toernooi soortgelyk aan die All Cape seker te maak hulle het een of twee Vlak 1 Tegniese Beamptes sodat hulle as gasheerklubs in ag geneem kan word. **Pieter**

9.3 Perkemeesters

9.3.1 ‘n Vlak 1 Perkemeesterskursus is in Augustus by Hermanus aangebied. Daar is nog steeds ‘n vakature vir ‘n staandekomiteelid vir die Overberg. Pieter Linde sal ‘n moontlike kandidaat nader. Theuns Coetzee sal navraag doen oor die beskikbaarheid van ‘n dumpy level vir gebruik deur klubs. **Pieter/Theuns**

9.3.2 Elke klub moet ‘n Level Assessment doen en aan die Bestuur deurstuur.

Presidente: Sub-distrikte

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Weskus

Die binneshuisbaan by Piketberg is geopen en in gebruik. Daar is ‘n sokkerveld wat ‘n moontlikheid is vir ‘n baan in die toekoms. **Leon**

10.2 Overberg

Verslag van Rosa Cloete hierby aangeheg. Sy maak melding van die heropening van Napier se baan en dat hulle raad en hulp ten opsigte van veral rolbalreëls benodig. Sy noem ook moontlike probleme by Caledon en onderneem om beide klubs spoedig te besoek. **Rosa**

10.3 Winelands

Report from CWB, compiled by Lesley is attached. The prospect of the artificial green in Franschhoek has all but fizzled out – the cost would seem to be prohibitive. The club at the moment has only two affilited members. Lesley voices her concern that she does not feel she is playing a significant role as President of CWB and believes that somebody more capable should take over as soon as possible. **Lesley**

11. KORRESPONDENSIE

11.1 BSA Omsendbriewe

Kennis geneem van Omsendbriewe 2017/31 – 2017/58

11.2 SA Meesters – Februarie 2018

Stephan de Jager; Anneke Snyman en Ezile Fourie is gekeur om in Februarie 2018 deel te neem aan die SA Meesters te Wingate Park, Johannesburg.

11.3 Child Protection Act

BSA Omsendbrief 52/2017 verduidelik waarom ‘n huidige polisie klaringssertifikaat vereis word en ook die prosedure om so ‘n klaringssertifikaat te bekom. Theuns is die aangewese persoon om hieraan aandag te gee. **Theuns**

12. VOLGENDE VERGADERING

Vrydag 19 Januarie 2018 te Worcester om 14:00.

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM